LEWENSORIËNTERING (Bygewerk November 2015)

A. METODE VAN ASSESSERING

Interne Assessering: Skoolgebaseerde Assessering

100 × 4 = 400 punte

B. VEREISTES

1. Vyf interne take in Graad 12.
2. Vier eksterne take moet voltooi word oor Grade 10, 11 en 12, waarvan minstens een gemeenskapsgebaseerd moet wees.
3. 'n Gemeenskaplike Assesseringstaak in Graad 12 wat bestaan uit twee afdelings: Afdeling A en Afdeling B

C. INTERPRETASIE VAN DIE VEREISTES

1. **Toewysing van tyd**
   Die Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Lewensoriëntering VOO (10 – 12) bepaal (bladsy 8) dat Lewensoriëntering 2 uur per week onderrigtyd toegestaan moet word.

2. **Gewigsindeling van die SGA**
   Die SGA-punte sal soos volg ingedeel word:

Graad 12 Interne Take	60%
GTA – Afdeling A	15%
Afdeling B	15%
Eksterne Sertifikaat-take	10%

   Sien Administratiewe en Bystandsdokumentasie 1: Die Lêerdekblad (leerder) vir 'n gedetailleerde uiteensetting.
   Punte moet tot 2 desimale aangeteken word en eers aan die einde afgerond word.

3. Gewigsindeling van kognitiewe vaardighede: 60% van elke taak moet laerorde denkvlakke betrek (kennis, begrip, toepassing) en 40% moet die hoërorde denkvlakke betrek (analise, sintese, evaluering). Alle take moet gebaseer word op Bloom se Taksonomie.

4. **Interne Take**
   In Graad 12 moet elke leerder vier interne take vir die lêer soos volg voltooi:

1 toets	Dit moet minstens een uur lank wees en volgens gepaste Grade 12-standaard.
3 ander take	Kennis moet geneem word van veelvuldige intelligensie.
1 praktiese assessering	Dit moet 'n langtermyn-program wees wat 'n omvattende, geskrewe respons insluit (besinningsverslag).

   Die volgende tipes assesserings kan bedink word:
   - Navorsingsverslag, bv. eetprogramme vir mense met HIV/Vigs, steroïede, mishandeling van vroue
   - Ontwerp en maak van, bv. 'n plakkaat, advertensie, collage, strooibiljet
   - Praktiese uitvoering
   - Gevallestudies wat interpretasie vereis en gebruik maak van leefervarings of gekonstrueerde situasies.
   - Mondelinge
   - Visuele dagboek
   - Beredeneerde opstel

IEB COPYRIGHT

- Samestelling van ’n persoonlike visieverklaring
- Tentoonstelling
- Bewusmakingsveldtog
- NB: Bewys van leerder se werk en die assesseringsinstrumente wat gebruik is, moet in die leerder se lêer getoon word.

FISIESE ONDERRIGTAAK (FOT)

- Die FOT moet bestaan uit een item ’n jaar – ’n lang-termyn program vergesel deur ’n substansiële geskrewe respons (nabetragting, verslag, ens.)
- Die teorie – etiek, ens. sal gedek word in die ses onderwerpe en nie as deel van die FOT nie
- Die FOT moet nie ’n eenmalige sessie wees nie maar moet eerder vooruitgang en nabetragting toon oor ’n volgehoue tydperk.
- Die FOT het twee komponente. Die fisiese aspek en die geskrewe nabetragting/analise.
- Die FOT is nie Fisiese Oefening en Sport in die tradisionele sin nie.

5. **Gemeenskaplike Assesseringstaak**

In die Graad 12-jaar sal 'n Gemeenskaplike Assesseringstaak deur die IEB opgestel word wat aanvullend tot die ander (vyf) interne take voltooi moet word. GTA Deel A sal ekstern opgestel word, intern geassesseer en ekstern gemodereer word. GTA Deel B sal ekstern opgestel en assesseer word.

Die GTA sal verwys na die KABV-temas wat gestipuleer is vir Grade 10, 11 en 12 van die NSS.

Skole sal in November van die Graad 11-jaar in kennis gestel word van die GTA-tema om beplanning te vergemaklik. Die GTA sal in Januarie van die Graad 12-jaar na skole gestuur word. Vakgroepmoderering van die GTA moet teen middel-September van Graad 12 voltooi wees.

Die GTA sal uit twee afdelings bestaan. GTA Deel A sal ’n taak behels oor die bepaalde tema. Die afhandel van die taak sal leerders baat in hul voorbereiding van GTA B. GTA B sal gaan oor die toepassing van dit wat in die eerste deel geleer is.

GTA Deel A sal 'n totaal van 50 punte hê. GTA Deel B sal 'n totaal van 70 punte hê.

6. **Eksterne Sertifikaat-take**

Die doel van hierdie take is om leerders bloot te stel aan vaardighede, kennis houdings en waardes buite en verder as die klasomgewing om groei wat groter as die persoonlike is te toon.

Vier eksterne take moet voltooi word tussen Graad 10 en Graad 12. Minstens een taak moet gemeenskapsgebaseerd wees.

Neem asseblief kennis dat hierdie take uitgevoer kan word teen minimum koste vir die skool en die leerder.

Baie skole het reeds programme wat met gemak gebruik kan word as gesertifiseerde kursusse: rekenaargeletterdheid; studiemetodes en leierskapkursusse. Die skool moet die kriteria wat bereik moet word, duidelik uiteensit sodat die kursus suksesvol voltooi kan word en dan 'n sertifikaat daarvolgens ontwerp.

IEB COPYRIGHT

Die sertifikaat moet aan die volgende kriteria voldoen:

- Leerders behoort beide vaardighede en kennis te behaal.
- Die bewys van vaardighede en kennis wat behaal is, moet in die leerder se lêer ingesluit word.
- Sertifikate vir akademiese sukses en sportprestasies in 'n skoolsportaktiwiteit of 'n kulturele aktiwiteit moet nie ingesluit word nie.
- Aansoeke vir ID-boeke, gimnasium-lidmaatskap, paspoorte en bankrekeninge, ens. is nie aanvaarbaar nie.
- Die slaag van die leerlinglisensie **OF** bestuurslisensie is aanvaarbaar.

Sien Afdeling D vir 'n lys met idees.

Leerders hoef egter nie almal dieselfde take te doen nie en moet in staat gestel word, om dinge wat hul buite die skool en onafhanklik van die skool gedoen het, op te volg en te gebruik. Die eksterne take moet individualiteit erken en toelaat. In sulke gevalle moet die onderwyser optree as fasiliteerder en raadgewer. Voorbeelde van sulke sertifikate is Royal School of Ballet-eksamens en skubaduik-prestasies.

Skole moet besluit op die hoeveelheid tyd wat bestee moet word aan 'n gemeenskapsdiensprojek vir leerders om 'n betekenisvolle bydrae tot hul gemeenskap te lewer.

'n Minimum van 10 uur diens is nodig om aan die vereistes van die gemeenskapsdiens-sertifikaat te voldoen. Hierdie ure kan voltooi word enige tyd vanaf Graad 10 tot Graad 12. Gemeenskapsdiens beteken vrywillige betrokkenheid in 'n nie-winsgewende organisasie (dit sluit nie diens aan die skool in nie). Sien Afdeling D vir 'n lys met idees.

Buite-organisasies wat kursusse aanbied of wat gemeenskapswerk fasiliteer moet aan die leerder 'n briefhoofsertifikaat wat gestempel is, gee nadat die werk gedoen is en ook uitstippel wat die leerder gedoen het.

Gewaarmerkte kopieë van elke leerder se sertifikate moet in die lêer onder die gepaste afdeling geplaas word.

7. Leerders met struikelblokke t.o.v. fisieke aktiwiteite

Take binne die onderwerp Liggaamsopvoeding moet aangepas word vir leerders met struikelblokke t.o.v. fisieke aktiwiteite. Dit sal dit moontlik maak vir sulke leerders om aan die vereistes van die SGA te voldoen ten spyte van hul gegewe probleme.

8. SGA-riglyne

Leerderlêer

- Die lêer is veronderstel om die onderwyser se assessering van die leerder se vermoëns in Lewensoriëntering te staaf. In die geheel moet die kursustake in die lêer die leerder se algemene bevoegdheidsvlak weerspieël. Leerders hoef dus nie almal dieselfde take voor te lê nie.
- Die voulêer wat ingedien word moet A4-grootte wees, stewig, plat en lig en nie groot nie. Die bladsye moet stewig ingebind word. Plastiekomhulsels of plastiekbladlêers moet glad nie gebruik word nie.
- Alle projekte en plakkate moet A4-grootte wees om gemaklik in die lêer te kan pas. In die geval van take wat ontwerp-en-vervaardig insluit, moet foto's geneem

IEB COPYRIGHT

word as bewys dat die projek voltooi is.

- Die leerder se eksamennommer moet duidelik op die voorkant van die lêer geskryf word. Kandidate se name mag op die werkstukke binne die lêer verskyn.
- Werk moet netjies en leesbaar wees en slegs in blou of swart ink geskryf wees.
- Take mag getik of handgeskrewe wees, maar die GTA, wat onder gekontroleerde omstandighede geskryf word, moet handgeskrewe wees (behalwe vir diegene met verwante IEB-akkommoderings)
- Die orde van die werkstukke in die lêer moet ooreenstem met die orde op die Lêerdekblad (Administratiewe en Bystandsdokumentasie 1)
- Werkstukke in elk van die vereiste kategorieë moet saam gegroepeer word met duidelike verdelers tussen elke afdeling.
- Skole is verantwoordelik vir hul interne moderering oor verskillende klasse heen. Bewys van hierdie moderering moet in die Onderwyser se Lêer geplaas word.
- Kopieë van 2 take, 2 toetse, LOT en gepaste nasienriglyne wat aan leerders in beide Graad 10 en 11 gegee is.
- Die taakblad en assesseringsinstrument moet aan die leerder se werk geheg word.
- Die onderwerpe wat gedek is en 'n analisematriks wat Bloom se Taksonomie gebruik, moet aan elke werkstuk geheg word.
- Daar moet bewys wees van assessering/evaluering op elke werkstuk.
- Plagiaat sal nie geduld word nie.
- Die werkstukke se gewigte moet volgens die puntestaat bepaal word.
- Geen krediet word gegee vir verfraaide lêers of werkstukke nie.

Onderwyserslêer

Die onderwyserslêer moet die volgende bevat:

- IEB rangorde-puntestaat
- Sigblad met interne punte – toon die samestelling van individuele punte.
- Kopieë van alle take en nasienriglyne wat aan leerders gegee is in Grade 10 en 11
- Graad 12-take en nasienriglyne.

9. Assessering van lêers

Leerders se lêers word intern geassesseer deur die onderwyser. 'n Sentrum se lêers moet bewyse van interne (skool) moderering, vakgroepmoderering sowel as streeksmoderering bevat. Die IEB kan 'n voorbeeldgroep lêers aanvra wat vir nasionale moderering aan die einde van die jaar voorgelê moet word.

IEB COPYRIGHT

D. ADMINISTRATIEWE EN BYSTAND-DOKUMENTASIE

1. SGA-lêerdekblad met verklaring
2. IEB SGA Rangorde Puntelys
3. Generiese Dokument oor Ryk Take en Denkvlakke
4. Onderwerpe vir Grade 10 en 11 vanuit KABV
5. IEB KABV Assesseringsillabus Graad 12
6(a). Streeks-/Nasionale Modereringvorms: Onderwyserlêer
6(b). Streeks-/Nasionale Modereringvorms: Leerderlêer
7. Assesseringsontwerpvlakke
8. Aanbevelings vir Sertifikaat-Take
9. Sertifikaat-taak Inligtingsblad
10. Lewensoriëntering: Beredeneerde Opstelrubriek

IEB COPYRIGHT

1. SGA-LÊERDEKBLAD MET VERKLARING

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

LEWENSORIËNTERING

SGA-DEKBLAD

NAAM VAN LEERDER: _____

EKSAMENNOMMER

	SGA-ITEM	Datum	Rou punte	Aangepaste punt
GTA	GTA A			
	GTA B			
	Totaal			/30
Gekontroleerde toets				/5
Fisiese Opvoedingstaak				/10
Sertifikaattake				/10
Taak 1				/15
Taak 2				/15
Taak 3				/15
			TOTAAL uit 100	
			TOTAAL uit 400	

Ek verklaar dat al die werk in hierdie lêer deur hierdie leerder gedoen is.

Geteken deur Onderwyser: _____ Datum: _____

Ek verklaar dat al die werk in hierdie lêer my eie werk is.

Geteken deur: Leerder: _____ Datum: _____

IEB COPYRIGHT

2. IEB SGA RANGORDE-PUNTESTAAT

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

LEWENSORIËNTERING

SGA RANGORDE-PUNTESTAAT

SENTRUM NO:

KANDIDATE GELYS IN RANGORDE VAN PUNTE (HOOGSTE TOT LAAGSTE)

	EKSAMENNOMMER											**PUNT – 400**
1												
2												
3												
4												
5												
6												
7												
8												
9												
10												
11												
12												
13												
14												
15												
16												
17												
18												
19												
20												
21												
22												
23												
24												
25												

IEB COPYRIGHT

3. GENERIESE DOKUMENT OOR RYK TAKE EN DENKVLAKKE

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

LEWENSORIËNTERING

RYK TAKE

Die SGA vereistes van die NSS vir SGA vereis nougesette strengheid. Die SGA-werkstukke wat nie eksamen- of toetsgerig is nie moet ryk wees.

Wat word bedoel met ryk take?

1. Take moet 'n verskeidenheid van inhoud assesseer op verskeie denkvlakke deur die 60/40 verdeling te gebruik.

2. Take wat die integrasie van kennis, vaardighede, houdings en waardes toon.
   Take moet vereis dat leerders kennis, vaardighede, houdings en waardes wat met verloop van tyd aangeleer is op 'n geïntegreerde wyse in 'n toegepaste konteks demonstreer.

3. Take moet gebruik maak van onbekende/nie-voorbereide kontekste.
   Leerders moet toegepaste bevoegdheid demonstreer, d.i. die oordra van kennis wat geleer is oor tyd, na nuwe situasies. Hierdie situasies:
   - demonstreer die werklike lewe
   - is relevant en toepaslik tot die ouderdomsgroep
   - stel 'n probleem of scenario of kwessie waarby die leerders betrokke raak
   - neem die assessering van proses sowel as produk in aanmerking
   - bevorder metakognisie (bewustheid van die leerproses)
   - betrek alle vlakke van denkvermoëns.

OPSTEL VAN TAKE VOLGENS DENKVLAKKE

SGA-take moet opgestel word met die volgende in gedagte:

Kennis
Begrip
Toepassing
→ 60% van die punte vir 'n assessering moet hierdie denkvermoëns assesseer.

Analise
Sintese
Evaluering
→ 40% van die punte vir 'n assessering moet hierdie denkvermoëns assesseer.

IEB COPYRIGHT

4. ONDERWERPE VIR GRAAD 10 EN 11 VANUIT KABV

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
LEWENSORIËNTERING

Onderwerp	Graad 10	Graad 11
Ontwikkeling van die self in die samelewing	• Selfbewussyn, selfbeeld en self-ontwikkeling • Mag, magsverhoudings en geslagsrolle • Waarde van deelname in oefen-programme • Lewensrolle: aard en verantwoordelikhede • Veranderings m.b.t. volwassenheid • Besluitneming m.b.t. seksualiteit • Ontspanning en emosionele welstand	• Beplan en bereik lewensdoelwitte: probleemoplossingsvaardighede • Verhoudings en hul invloed op persoonlike welstand • Gesonde leefstylkeuses: besluitnemings-vaardighede • Rol van voeding in gesondheid en fisiese aktiwiteite • Geslagsrolle en hul effek op gesondheid en welstand
Sosiale vaardighede en verantwoordelikheid vir die omgewing	• Kontemporêre sosiale kwessies wat 'n negatiewe impak op lokale en globale gemeenskappe het • Sosiale vaardighede en verantwoordelik-heid om deel te neem in burgerlike lewe	• Omgewingskwessies wat gesondheids-risiko's inhou • Klimaatverandering • Deelname aan 'n gemeenskapsdiens wat 'n omgewingskwessie aanspreek
Demokrasie en menseregte	• Diversiteit, diskriminasie, menseregte en skendings • Nasionale en internasionale instrumente en konvensies • Etiese tradisies en/of religieuse wette van religieë wat deur die meerderheid In Suid-Afrika aangehang word • Inheemse religiesisteme in Suid-Afrika • Vooroordeel en onregverdige sportpraktyke	• Demokratiese deelname en demokratiese strukture • Rol van sport in nasiebou • Bydraes van Suid-Afrika se diverse religieë en religiesisteme tot 'n harmonieuse samelewing
Loopbaan en loopbaankeuses	• Vakke, loopbaanrigtings en studiekeuses: besluitnemingsvaardighede • Sosio-ekonomiese faktore • Diversiteit van betrekkings • Geleenthede in loopbaanrigtings • Tendense en aanvraag in werkplek • Die noodsaaklikheid van lewenslange leer	• Vereistes vir toelating tot hoëronderwys-instellings • Opsies m.b.t. finansiële bystand vir verdere studies • Bevoegdhede, vermoëns en etiek wat 'n beroep vereis • Persoonlike verwagtings m.b.t. werk of beroepskeuse • Selfkennis m.b.t. die vereistes van die beroepswêreld en sosio-ekonomiese omstandighede
Studievaardighede	• Studievaardighede: metodes • Assesseringsproses : intern en ekstern • Jaarlikse studieplan	• Studiestyle en -strategieë • Eksamenskryfvaardighede • Tydsbestuur en 'n jaarlikse studieplan • Doelwitstellings en vaardighede
Liggaamsopvoeding	• Liggaamlike fiksheid: programme om welstand te bevorder • Vaardighede op die speelgrond en/of in die gemeenskap en/of inheemse spele • Omgewingsverantwoordelike buite-ontspanningsgroep- of individuele aktiwiteite • Vaardighede in tradisionele en/of nie-tradisionele sport • Veiligheidskwessies	• Verbetering van huidige persoonlike vlak van fiksheid en gesondheid. • Skeidsregter- en leierskapsvaardighede in selfontwerpte en aangepaste spele (portuuronderrig) • Verskeie leierskapsrolle in 'n self-ontwerpte groepsaktiwiteit vir ontspanning • Skeidsregter- en leierskapsvaardighede in self-ontwerpte en aangepaste sport (portuuronderrig) • Veiligheidskwessies

IEB COPYRIGHT

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
LEWENSORIËNTERING

IEB-ASSESSERINGSILLABUS VIR GRAAD 12

ONDERWERP EEN

Ontwikkeling van die self in die samelewing

- Vereiste lewensvaardighede om aan te pas by verandering as deel van voortdurende gesonde leefstylkeuses: stresfaktore, verandering en lewensgehalte.
  - Identifiseer stresfaktore: fisiek, emosioneel, sosiaal en omgewingsfaktore (mishandeling, beroep, lewenskrisisse, persoonlikheid en sosiale druk.)
  - Evalueer stresvlakke: tekens en simptome van stres, positiewe stres en negatiewe stres
  - Streshantering: hanteringsmeganismes vir stres en/of bestuurstegnieke, ontwikkel en toepassing van eie strategie
  - Konflikhanteringsvaardighede: interpersoonlik en intrapersoonlik (rolspel, scenario's)
  - Aanvoer, opbou en volhoubaarheid van positiewe verhoudings: belangrikheid van kommunikasie (begrip vir ander, kommunikeer gevoelens, oortuigings en houdings)
  - Faktore wat effektiewe kommunikasie beïnvloed: persoonlikheid, houdings en waardes, aanvaarding van verantwoordelikheid, gepaste uitdrukking van sienings en gevoelens, respek vir die gevoelens van ander
  - Pas aan by groei en verandering: verandering van omstandighede
  - Oorgang tussen skool en naskoolse bestemming, positiewe en negatiewe aspekte van verandering

- Persoonlike leefstylplan om kwaliteitlewe te verseker

- Menslike faktore (ongelukke, krisisse en rampe: sielkundig, sosiaal, godsdienstig, kulturele praktyke) wat gesondheidsrisiko's inhou, en verskillende kennisperspektiewe.
  - Siektes: kanker, hipertensie, siektetoestande van die hart en bloedsomloop, tuberkulose, seksueel-oordraagbare siektes, insluitend HIV/Vigs, wanvoeding, malaria, cholera, verwant aan armoede en/of leefstyl
  - Bydraende faktore: eetgewoontes, gebrek aan oefening, rook, alkohol- en dwelmmisbruik en onveilige seksuele gedrag
  - Ingrypingstrategieë: voorkoming en beheer, vroeë ontdekking, behandeling, versorging en ondersteuning

ONDERWERP TWEE

Liggaamsopvoeding

- Deelname aan programme wat
  - bereiking van persoonlike fiksheid en gesondheidsdoelstellings bevorder
  - asook langtermyn betrokkenheid in die gemeenskap en/of speelgrond en/of inheemse spele of tradisionele en/of nie-tradisionele sportsoorte wat fisiese aktiwiteit bevorder, insluit

- Veiligheidskwessies wat verband hou met
  - fiksheidsoefeninge
  - deelname in gemeenskap en/of speelgrond en/of inheemse spele of tradisionele en/of nie-tradisionele sportsoorte wat fisiese aktiwiteit bevorder

IEB COPYRIGHT

ONDERWERP DRIE

Studievaardighede (NIE VIR ASSESSERINGSDOELEINDES NIE)

- Besin oor die proses van assessering en eksamen-skryfvaardighede en pas hierdie vaardighede toe: hersien eie studievaardighede, -strategieë en -style
  - Hersien eksamen-skryfvaardighede (lees die vraag, beplan die respons, beantwoord die vrae, ens.)

- Belangrikheid van die verkryging van die Nasionale Seniorsertifikaat (NSS): ontwikkel 'n studieplan vir Graad 12
  - Hersien eie studiemetodes
  - Hersiening van eksamen-skryfvaardighede
  - Studierooster vir finale eksamen

ONDERWERP VIER

Beroepe en beroepskeuses

- Beplanning en voorbereiding vir Post-Matriek: onderhoude, etiket
  - Identifiseer en bedink oordraagbare vaardighede soos: International Computer Driver's Licence (ICDL), aanbieding- en openbare spreekvaardighede

- Redes vir en die impak van werkloosheid
  - Innoverende oplossings om werkloosheid teen te werk: vrywilligersdiens, deeltydse werk, gemeenskapswerk, entrepreneurskap en informele take
  - Finansiële en sosiale lewensvatbaarheid van entrepreneurskap en ander werksgeleenthede
  - Die impak van korrupsie en bedrog op die individu, maatskappy, gemeenskap en land

- Strukture en Prosesse wat verband hou met die wêreld van werk
  - Bewustheid van SAID (Suid-Afrikaanse Inkomstediens) belastingverpligtings
  - Kernelemente van 'n werkskontrak: werkersregte en -verantwoordelikhede; diens-voorwaardes
  - Arbeidswette: Die Wet op Arbeidsverhoudinge, Die Wet op Gelyke Indiensneming en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes
  - Beginsels van gelykheid en regstelling
  - Werwingsproses: algemene tendense en praktyke
  - Vakbonde en georganiseerde arbeid
  - Werksetiek en gemeenskapsverwagtinge
  - 'n Kort CV, vir aansoek om deeltydse of voltydse werk of vir 'n beurs

- Die waarde van werk: hoe werk betekenis aan die lewe gee

IEB COPYRIGHT

ONDERWERP VYF

Demokrasie en Menseregte

- Verantwoordelike burgerskap:
  - Evalueer eie posisie wanneer diskriminasie en menseregteskendings teëgekom word met inagneming van die Grondwet
  - Bespreking van projekte, veldtogte en gebeurtenisse wat diskriminasie en menseregteskendings aanspreek

- Die rol van die media in 'n demokratiese samelewing: elektroniese en gedrukte media
  - Vryheid van spraak en beperkings
  - Die wyse waarop die media rapporteer, weerspieël 'n demokratiese samelewing: onderwerpe gedek, redaksionele standpuntinname, ruimte toegestaan aan onderwerpe en geografiese verspreiding (toeganklikheid van inligting aan verskillende groepe in die samelewing)
  - Kritiese ontleding van media en veldtogte
  - Dekking van sport, sportpersoonlikhede en ontspanningsaktiwiteite

- Ideologieë, oortuigings en wêreldsienings ten opsigte van ontspanning en fisiese aktiwiteite oor kulture en gender heen.

Sosiale en omgewingsverantwoordelikheid

- Gemeenskap se verantwoordelikheid om omgewings en dienste te verskaf wat veilige en gesonde lewensomstandighede bevorder:
  - Verantwoordelikhede van verskeie regeringsvlakke: wette, regulasies, reëls en gemeenskapsdienste
  - Opvoedkundige en intervensieprogramme; impakstudies

- Formuleer 'n persoonlike missieverklaring en evalueer die impak daarvan gebaseer op:
  - Persoonlike sienings, waardes, geloofsisteem, religie, ideologieë, leefstyl (fisiese en emosionele welstand), omgewingsverantwoordelikhede, doelwitte vir studies en loopbaankeuses

- Ondersoek wette en regulasies met betrekking tot mondigwording

IEB COPYRIGHT

6(a) STREEKS-/NASIONALE MODERERINGVORMS: (A) ONDERWYSERLÊER

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
LEWENSORIËNTERING

Eksamensentrum: _____

Item	Ja	Nee	Opmerking
Verklaring en inhoudblad			
IEB Modereringslys			
Puntelys/Rangorde			
Sigblad met punte			
Bewys van Interne Moderering			
Graad 10 en 11 Take			
Graad 12 4 items			
GTA 2 items			
Rubrieke of toepaslike Nasienriglyne			
Analiseroosters vir alle take			

Take

	Ja	Nee	Dekking van Denkvlakke (gebalanseerd, ongebalanseerd, voldoende, onvoldoende)	Opmerking
Graad 12				
Toets 1				
Taak 1				
Taak 2				
Taak 3				
Praktiese Assessering (FOT)				
GTA				
Taak 1				
Taak 2				
Sertifikaattake				
Inligting oor sertifikaat-take deur die skool gefasiliteer				

Naam van Onderwyser:_____ Skool:_____

Naam van Moderator:_____ Geteken: _____

Datum:_____

IEB Copyright © 2014 – 2016

IEB COPYRIGHT

6(b) STREEKS-/NASIONALE MODERERINGSVORMS: (B) LEERDERLÊER

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT- EKSAMEN
LEWENSORIËNTERING

Eksamensentrum: _____

Item	Ja	Nee	Opmerking
Verklaring en inhoudblad			
Take			
Graad 12 4 items			
GTA 2 items			
<u>Indien toepaslik</u> – brief van skoolhoof wat weggelate werk verduidelik			

Take

	Ja	Nee	Nagesien volgens Rubriek of Nasienriglyne (Ja/Nee)	Opmerking
Graad 12				
Toets 1				
Taak 1				
Taak 2				
Taak 3				
Praktiese Assessering (FOT)				
GTA				
Taak 1				
Taak 2				
Sertifikaattake				
Sertifikaat 1 - Gemeenskapsdiens Sertifikaat 2 Sertifikaat 3 Sertifikaat 4				

Naam van Onderwyser: _____ Skool: _____

Naam van Moderator: _____ Geteken: _____

Datum: _____

IEB COPYRIGHT

7. ASSESSERING ONTWERPVLAKKE

Bloom se Taksonomie van Opvoedkundige mikpunte (aangepas deur die IEB)

Vlak	Beskrywing	Verduideliking	Vaardighede bewys	Aksie-werkwoorde
6	Evaluering	Beoordeel uitsprake gebaseer op sekere kriteria.	Vergelyk en onderskei tussen idees; assesseer waarde van teorieë, aanbiedings; maak keuses gebaseer op beredeneerde argumente; bewys waarde van bewysstukke; herken subjektiwiteit	Assesseer, besluit, gradeer , toets, meet, aanbeveel, oortuig, selekteer, beoordeel, verduidelik, onderskei, ondersteun, aflei, vergelyk, som op, kritiseer, interpreteer, bewys.
5	Sintese	Die vermoë om elemente saam te voeg om 'n nuwe geheel te skep	Gebruik ou idees om nuwes te skep, veralgemeen uit gegewe feite, bring nuwe kennis uit verskeie areas in verband, voorspel, maak gevolgtrekkings	Kombineer, integreer, verander, herrangskik, vervang, beplan, skep, ontwerp, bedink en skep, wat as? Stel saam, formuleer, berei voor, veralgemeen, herskryf, kategoriseer, verbind, stel saam, rekonstrueer.
4	Analise	Die vermoë om 'n geheel te verdeel in sy onderdele. Elemente ingebed in 'n geheel word geïdentifiseer en die verwante verhoudings word herken.	Sien patrone, organiseer onderdele, herken verskuilde betekenisse, identifiseer komponente.	Analiseer, skei, orden, verklaar, verbind, klassifiseer, rangskik, verdeel, vergelyk, selekteer, lei af, verdeel, kontrasteer, onderskei, skematiseer, illustreer.
3	Toepassing	Die vermoë om inligting in nuwe situasies te gebruik of toe te pas.	Gebruik inligting, gebruik metodes, konsepte, teorieë in nuwe situasies, los probleme op d.m.v. vereiste kennisvaardighede.	Toepassing, demonstreer, bereken, voltooi, illustreer, toon, los op, ondersoek, verander, verbind, verander, klassifiseer, eksperimenteer, ontdek, konstrueer, manipuleer, berei voor, produseer.
2	Begrip	Eerste vlak van verstaan, onthou en verstaan inligting, beskryf betekenis.	Verstaan van inligting, snap betekenis, verplaas kennis in nuwe konteks , interpreteer feite, vergelyk, kontrasteer, orden, groepeer, lei oorsake af, voorspel gevolge.	Opsom, beskryf, interpreteer, kontrasteer, voorspel, assosieer, onderskei, beraam, differensieer, bespreek, uitbrei, verstaan, omsit, verdedig, verduidelik, veralgemeen, gee voorbeeld, herskryf.
1	Kennis	Funksie van feite onthou. Slegs herroeping.	Waarneming en onthou van inligting.	Lys, definieer, vertel, beskryf, identifiseer, toon, weet, merk, versamel, selekteer, reproduseer, pas by, herken, ondersoek, tabuleer, haal aan, benoem.

IEB COPYRIGHT

8. AANBEVELINGS VIR SERTIFIKAAT-TAKE

AANBEVELINGS VIR SERTIFIKAAT-TAKE

Voorbeelde van sertifikaat-take:
Die Sertifikaat-Afdeling moet vergesel word van die vorm op bladsy 23/17 om te illustreer wat die leerder gedoen het om elke sertifikaat te voltooi.

Idees vir Sertifikaat-Take

KPR (CPR)
President-toekenningsertifikaat – slegs een vlak
Ronde Vierkant-inisiatiewe
Toast Masters– slegs een vlak
Leierskapskursusse
Eksterne diensverskaffers
Leerder- **OF** Bestuurslisensies
Afrigter- en skeidsregtersertifisering
Lewensredding
Uitruilprogramme
Skoolkampe met 'n spesifieke fokus
Godsdienssertifikate
Selfbewustheid en verbetering
Groepsonderrig
Noodhulp
Houdingleer

Idees vir Gemeenskapsdiens

Ondersteuningsdienste
Maaltye vir behoeftiges Toebroodjies Breiwerk Tuisgebak vir gemeenskapsvennootskappe
Deurlopende Diens
Besoek Kinderhuise Uitreikdienste Lees-en-syfervaardigheidsopleiding DBV (SPCA) Sopkombuise Gidshonde Polisiestasies Hospitale Aftreetehuise
Projekte
Residensiële diens Uitreikings "Smile"-Program Habitat - Menslikheid Geldinsameling-inisiatiewe Diensprojekte Vakansieprojekte in benadeelde gebiede Sendinginisiatiewe Fisieke Rehabilitasie

IEB COPYRIGHT

9. SERTIFIKAAT-TAAK INLIGTINGSBLAD

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
LEWENSORIËNTERING
SERTIFIKAAT-TAAK INLIGTINGSVORM

NAAM VAN LEERDER: _____

EKSAMENNOMMER

Sertifikaat Een **Gemeenskapsdiens** **Aantal ure:**	**Naam van Sertifikaat-taak**	**Beskrywing van Kursusinhoud**
Sertifikaat Twee		
Sertifikaat Drie		
Sertifikaat Vier		
Handtekening van Leerder:		**Geteken deur onderwyser:**

IEB COPYRIGHT

10. LEWENSORIËNTERING: BEREDENEERDE OPSTELRUBRIEK

KRITERIA	PUNTE	VLAK
'n Duidelike standpunt word ingeneem en fokus is konsekwent in die hele opstel. Die argument stem tot nadenke, is insiggewend en bied 'n unieke 'eie stem'-perspektief deur toepaslike, gedetailleerde en spesifieke voorbeeld te teken om die leerder se standpunt te bewys. Die voorbeelde word naatloos in die argument geïntegreer. Die argument word vaardig volgehou en is heeltemal oortuigend. Dit word pittig en duidelik uitgedruk.	**30** **29** **28** **27**	**7+**
'n Duidelike standpunt word ingeneem en fokus is konsekwent in die grootste deel van die opstel. Die argument word deeglik en logies ontwikkel met 'n reeks toepaslike, spesifieke voorbeelde om die leerder se standpunt te ondersteun. Die voorbeelde word duidelik in die argument geïntegreer. Die argument word meestal volgehou en is heel oortuigend. Dit word duidelik uitgedruk.	**26** **25** **24**	**7**
'n Duidelike standpunt blyk uit die argument. Leerder fokus op vraag; daar kan egter 'n paar insinkings wees. Die argument is duidelik, dra gewig en word logies ontwikkel met 'n reeks meestal relevante, spesifieke voorbeelde om die leerder se standpunt te ondersteun. Die argument word volgehou met kleiner insinkings in logika OF relevansie, maar is heel oortuigend. Dit word op die meeste plekke duidelik uitgedruk.	**23** **22** **21**	**6**
'n Duidelike standpunt word deur die leerder ingeneem. Insinkings in fokus en/of geïmpliseerde fokus op plekke. Die argument is duidelik en 'n paar relevante, spesifieke voorbeelde word verskaf in 'n poging om die leerder se standpunt te ondersteun. Die voorbeelde word nie altyd suksesvol in argument geïntegreer nie. Die leerder het 'n poging aangewend om die kwessies uit te pak, maar hulle moet verder ontwikkel word. Die fokus van die argument neig om af te wyk en logika kan ontbreek. Dit word toereikend uitgedruk.	**20** **19** **18**	**5**
Die leerder het probeer om 'n standpunt in te neem. Die fokus op die vraag neig om yl te wees in plaas van substantief. Die argument is oppervlakkig en voorbeelde is vaag en plek-plek veralgemeen. Die argument toon gebrek aan fokus en word swak volgehou. Die uitdrukking is soms lomp, maar die leerder kan sy/haar idees oordra.	**17** **16** **15**	**4**
Die leerder se standpunt is vaag of onduidelik. Daar is geen duidelike argument aanwesig nie, alhoewel voorbeelde verskaf word in 'n poging om die vraag te beantwoord. Daar is bewys van herhaling van idees. Argument toon gebrek aan fokus, samehang en logika. Die uitdrukking is lomp en kan die algehele betekenis wat die leerder probeer oordra, beïnvloed.	**14** **13** **12**	**3**
Geen standpunt word deur die leerder voorsien nie. Argument word geïmpliseer; leerder spreek die vraag nie uitdruklik aan nie. Die antwoord verskaf 'n paar voorbeelde, maar hulle word nie met die vraag in verband gebring nie. Die antwoord is verhalend en die voorbeelde is herhalend. Uitdrukking is gebrekkig en verhoed dat die leerder sy/haar idees oordra.	**11** **10** **9**	**2**
Daar is geen verband met die vraag nie en die idees wat verskaf word, is irrelevant. Voorbeelde is lukraak en dien geen doel nie. Uitdrukking is dikwels onverstaanbaar en kan onduidelik wees.	**8 – 0**	**1**

IEB COPYRIGHT